# SARS VIER 22 JAAR

**PRETORIA, Dinsdag 1 Oktober 2019 -** Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) vier in Oktober 2019 sy 22ste herdenking.

Met hierdie herdenking wil ons weereens klem lê op ons toegewydheid om 'n belastingpligtige-ervaring te bied wat gekarakteriseer word deur die hoogste vlak van professionalisme en etiek, regoor die land en oorsee.

Die aanstelling van kommissaris Edward Kieswetter het 'n nuwe begin vir SARS ingelei. Sedert sy aankoms in Mei 2019, is hy doelgerig gefokus om die interne vertroue en moraal van die werknemers aan te spreek, asook om die publiek se vertroue in SARS te herstel.

Gepaardgaande hiermee, is die proses om die organisatoriese gebreke en tekorte aan vaardighede binne SARS aan te spreek, wat kern is tot die veel nodige herbou van die organisasie.

Hierdie werk sal meedoënlose ywer verg oor die volgende paar jaar om te verseker dat SARS transformeer na 'n slim, moderne inkomste en doeane administrasie, met onbevraagtekende integriteit wat vertrou en na opgekyk word.

Ons is geseënd met duisende eerlike mans en vroue wat hulle positiewe bydra tot hierdie herbou proses lewer.

SARS sal ook aanhou belê in sy reeds gevorderde en doeltreffende stelsels om voortdurend belastingpligtiges se ervaring te verbeter, terwyl dit sy mandaat administreer om belastings in te vorder, handeldryf te fasiliteer en invoere en uitvoere oor ons grense heen te bestuur.

Die herdenkingvieringe sal plaasvind teen 'n agtergrond van die huidige belastingseisoen wat 'n toename toon in die aantal nakomende belastingpligtiges.

Ons bedank belastingpligtiges vir hul bereidwilligheid om hul pligte na te kom, asook hulle geduld met ons in areas waar ons soms nie die standaard, wat ons vir onsself stel, tegemoed kom nie.

Ons sal onverpoosd werk om hierdie ondoeltreffendhede aan te spreek, as deel van die herbou en modernisering van SARS.

Die huidige ekonomiese klimaat, gepaardgaande met ons interne uitdagings, maak die invordering van inkomste soveel moeiliker.

Die lae ekonomiese groei, toenemende werkloosheid as gevolg van besnoeïïng, en onderdrukte vlakke van verbruik, lei onvermydelik tot lae winste, en gevolglik tot ‘n afneem in belastinginkomste.

Ons bly egter optimisties dat pogings deur ons regering om die ekonomie te stimuleer, asook die werk om belastingmoraliteit en -nakoming te herbou, 'n positiewe uitslag sal lewer.

Hiermee ingedagte, is Mnr. Kieswetter vasbeslote dat SARS onverskrokke, gefokus en doelgerig bly oor die najaag van sy inkomste-invorderingsmandaat vir Suid-Afrika.

Inteendeel, SARS waardeer opreg die verantwoordelikheid wat aan dit toevertrou is deur die grondwet, en is bewus van die gevolge wat laer inkomste-invordering het op die regering se pogings om sy mandaat na te kom.

Ons bly bewus van ons hoër bediening wat aan die staat die bevoegdheid verleen om, met die nodige finansiële hulpbronne, goedere en dienste te verskaf jeens 'n goed-funksionerende demokrasie.  Ons werk het 'n mensegesig en bevoordeel veral die mees kwesbare in die samelewing, om die kwaliteit van hulle lewe te verbeter, en ook die welstand van alle Suid-Afrikaners te verseker.

Die 2019 nasionale vieringe bring hulde aan die regering en parlement se pogings, tesame met SARS-leierskap en -werknemers om 'n inkomste-invordering te stig wat onder sy eweknieë as een van die beste ter wêreld gerespekteer sal word.

Die 22 jaar vieringe bring ook hulde aan die rol wat alle patriote en voormalige werknemers gespeel het in die stigting en versterking van SARS, om een van die sterkste en mees doeltreffende staatsinstansies in die land te wees.